# 13 November 2023 - Lesing 174 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Herskepping van die aarde – 24/11/60

**NO: 7754** In My plan van ewigheid **is die dag vasgestel** wat die einde van hierdie aarde beteken, wat 'n totale omwenteling met homself sal meebring, sowel aards asook geestelik.

En My plan sal onherroeplik uitgevoer word, want Ek het van ewigheid af gesien op welke **lae geestelik vlak die huidige mensdom** haarself gaan bevind en dienooreenkomstig het Ek My heilsplan vasgestel, wat steeds weer nuwe tydperke van ontwikkeling omvat, soos wat My Liefde en Wysheid dit as goed beskou vir die geestelike wat hulleself positief moet ontwikkel.

Daar loop dus 'n ontwikkelingsperiode ten einde en daar begin weer 'n nuwe. En daarom kan die einde van hierdie aarde **nooit as net 'n werk van vernietiging gesien word nie**.

Daar moet ook ingesien word dat die nog gebonde geestelike **gehelp moet word** om hulle vêrder te ontwikkel en dat daarom ook die skepping van 'n nuwe aarde noodsaaklik is, wat egter die voorafgaande **ontbinding van alle skeppingswerke van die ou aarde vereis**.

Maar Ek laat niks oor die mense kom, sonder om dit vooraf vir hulle aan te kondig nie, sodat hulle hulself daarop kan voorberei, sodat hulle uit hulself nog alles kan doen om die verskriklike lot van 'n hernieude verbanning te ontkom, wat al die mense sal tref wat gefaal het, wat sonder geloof in My verder geleef het **en wat daarom hul bestaan op aarde nie benut het om vry te word nie.**

Steeds weer kondig Ek die mense die einde aan, steeds weer laat Ek hulle die tekens ken waaraan 'n nabye einde te herken is. Steeds weer waarsku Ek die mense om nie sorgeloos en onbekommerd van die een dag na die ander te lewe nie. **Ek wys hulle steeds weer deur sieners en profete op die nabye oordeel**.

Want die dag van die einde is sedert ewigheid vasgestel, omdat Ek gesien het dat 'n ommekeer ten goede op die huidige aarde nie meer kan plaasvind nie, omdat die lae geestelike vlak van die mense dus 'n einde vereis.

En so moet alle verwysing en alle profesieë wat 'n spoedige einde aankondig, steeds maar net as **liefdevolle tekens van vermaning en waarskuwing gesien word**, waardeur Ek, julle God en Skepper, julle nog sou wou red, voor dit te laat is.

Ek wil waarlik nie dat julle ondergaan nie, inteendeel, Ek wil dat julle ewig leef en dat julle die ewige lewe nog op aarde bereik. Julle slaan egter geen ag op dit wat Ek julle steeds laat verkondig en van die begin van die tydperk voorspel het nie. Julle verskuif al hierdie aankondiginge na die toekoms en julle reken nie daarop dat die toekoms eens teenswoordige tyd sal word nie.

En nou het hierdie tyd aagebreek waarin My woord in vervulling gaan, waarin My heilsplan ten uitvoer gebring word. En as julle nog so erg twyfel aan die nabye einde wat julle aangekondig word, - sal dit julle verras omdat die tyd vervul is. Al is vir My 'n duisend jaar soos 'n dag, **ook so 'n dag loop ten einde**, - soos ook duisend jaar verbygaan - en julle staan nou voor die einde.

Julle hoort dus tot diegene wat die einde sal meemaak, as Ek nie voor die tyd van julle vir julle eie beswil na My toe roep nie. Julle moet julle daarom steeds die nabye einde voor oë hou - julle moet so lewe asof elke nuwe dag die laaste vir julle sou wees, as sou julle die volgende dag rekenskap moet gee.

En julle sou waarlik goed daaraan doen, wanneer julle julle gedagtes na die hemel rig, - **as julle aan julle geestelike lewe voorkeur gee bo die aardse**.

Want dan sal julle ook die einde nie hoef te vrees nie, julle sal dan alles wat kom met kalmte tegemoet sien. Maar julle sal dan ook glo dat die einde van hierdie aarde gekom het - julle sal die tekens van die tyd herken en My om krag vra, sodat julle nog aan die doel van julle aardse lewe kan beantwoord - en julle sal dan ook verseker gered word van ondergang. Amein.

***Amos 3:7 Want My Meester JaHWeH doen niks tensy Hy die besluit van Sy Raad aan Sy knegte, die Profete, geopenbaar het nie***.